



# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

---

---

### REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

**Prys 10c Price**  
**Oorsee 15c Overseas**  
**POSVRY—POST FREE**

Vol. 49.]

KAAPSTAD, 4 JULIE 1969.

[No. 2474.

CAPE TOWN, 4TH JULY, 1969.

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.

No. 1113.

4 Julie 1969.

No. 1113.

4th July, 1969.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 90 van 1969: Wysigingswet op Maatskappye, 1969.

No. 90 of 1969: Companies Amendment Act, 1969.

# ACT

To amend the provisions of the Companies Act, 1926, so as to apply that Act to the territory of South-West Africa; so as to make provision for the transfer of the business, rights, obligations and property of a foreign company to a company registered under the said Act; and to provide for incidental matters.

(Afrikaans text signed by the State President.)

(Assented to 19th June, 1969.)

**BE IT ENACTED** by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

## PART I

Amendment of section 2 of Act 46 of 1926, as amended by section 1 of Act 23 of 1939.

1. Section 2 of the Companies Act, 1926 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended—

(a) by the insertion of the following subsection after subsection (1):

“(1)*bis* Any company incorporated and registered under a provision of the Companies Ordinance, 1928 (Ordinance No. 19 of 1928), of the territory, in this Act referred to as the Companies Ordinance, 1928, shall as from the commencement of the Companies Amendment Act, 1969, be deemed to be registered under the provisions of this Act.”; and

(b) by the insertion of the following subsection after subsection (4)*bis*:

“(4)*ter* Any company which at the commencement of the Companies Amendment Act, 1969, is subject to the provisions of Chapters V and VII of the Companies Ordinance, 1928 (other than a company which is not a foreign company under the provisions of this Act), shall as from such commencement be subject to the provisions of Chapters V and VII of this Act.”.

Insertion of section 2A in Act 46 of 1926.

2. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 2:

“Certain companies deemed to be registered under this Act.

2A. Any company which at the commencement of the Companies Amendment Act, 1969, was registered in the territory and which was formed under the provisions of the ‘Gesetz, betreffend Gesellschaften mit Beschränkter Haftung’, of the twentieth April, 1892, as amended by the ‘Einführungsgesetz zum Handelsgesetzbuche’ of the tenth May, 1897, and published by the Imperial Chancellor on the

# WET

Tot wysiging van die bepalings van die Maatskappywet, 1926, ten einde daardie Wet op die gebied Suidwes-Afrika van toepassing te maak; ten einde voorsiening te maak vir die oordrag van die besigheid, regte, verpligtinge en goed van 'n buitelandse maatskappy aan 'n maatskappy wat kragtens gemelde Wet geregistreer is; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.

(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)  
(Goedgekeur op 19 Junie 1969.)

**DAAR WORD BEPAAL** deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

## DEEL I

1. Artikel 2 van die Maatskappywet, 1926 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig—
- (a) deur na subartikel (1) die volgende subartikel in te voeg:
- „(1)*bis* 'n Maatskappy geïnkorporeer en geregistreer kragtens 'n bepaling van die Maatskappy-Ordonnansie, 1928 (Ordonnansie No. 19 van 1928), van die gebied, in hierdie Wet die Maatskappy-Ordonnansie, 1928, genoem, word vanaf die inwerking-treding van die Wysigingswet op Maatskappye, 1969, geag kragtens die bepalings van hierdie Wet geregistreer te wees.”; en
- (b) deur na subartikel (4)*bis* die volgende subartikel in te voeg:
- „(4)*ter* 'n Maatskappy wat by die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Maatskappye, 1969, onderworpe is aan die bepalings van Hoofstukke V en VII van die Maatskappy-Ordonnansie, 1928 (behalwe 'n maatskappy wat nie 'n buitelandse maatskappy kragtens die bepalings van hierdie Wet is nie), is vanaf sodanige inwerkingtreding onderworpe aan die bepalings van Hoofstukke V en VII van hierdie Wet.”.
2. Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na artikel 2 ingevoeg:
- „Sekere maatskappye geag kragtens hierdie Wet geregistreer te wees.
- 2A. 'n Maatskappy wat by die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Maatskappye, 1969, in die gebied geregistreer was en wat opgerig is kragtens die bepalings van die *Gesetz, betreffend Gesellschaften mit Beschränkter Haftung* van die twintigste April 1892, soos gewysig deur die *Einführungsgesetz zum Handelsgesetzbuche* van die tiende Mei 1897, en gepubliseer deur die Keiserlike Kanselier

Wysiging van artikel 2 van Wet 46 van 1926, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 23 van 1939.

Invoeging van artikel 2A in Wet 46 van 1926.

## Act No. 90, 1969

## COMPANIES AMENDMENT ACT, 1969.

twentieth May, 1898, shall as from such commencement be deemed to be registered as a company under the provisions of this Act: Provided that the Registrar may require such company to lodge with him, within the period determined by him, any document referred to in Chapter I of this Act: Provided further that no fees shall be payable in respect of such lodgement.”.

Amendment of section 3 of Act 46 of 1926, as amended by section 1 of Act 46 of 1952 and section 1 of Act 18 of 1965.

3. Section 3 of the principal Act, is hereby amended by the addition of the following subsection:

“(4) As from the commencement of the Companies Amendment Act, 1969—

- (a) all registers kept in any public office under the Companies Ordinance, 1928, shall be incorporated in, and form part of, the register of companies kept in the office established under subsection (1);
- (b) all powers and functions vested in any officer in the public service in relation to the registration of companies in the territory, and all powers and functions in relation to the administration of the Companies Ordinance, 1928, other than those vested in the Master of the Supreme Court, shall vest in the Registrar of Companies appointed under subsection (2).”.

Amendment of section 10 of Act 46 of 1926, as amended by section 5 of Act 23 of 1939, section 6 of Act 46 of 1952, section 2 of Act 14 of 1963 and section 1 of Act 7 of 1964.

4. Section 10 of the principal Act is hereby amended—

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

“(1) A company shall not be registered by a name identical with that by which a company or a foreign company is already registered or so nearly resembling any such name as to be calculated to deceive, except where the already registered company is in the course of being dissolved and signifies its consent to the registration in such manner as the Registrar requires.”;

(b) by the deletion of subsection (3); and

(c) by the substitution for paragraph (a) of subsection (4) of the following paragraph:

“(a) If a company through inadvertence or otherwise has been registered in conflict with the provisions of subsection (1) or (2), the Registrar shall order the company to change its name: Provided that the provisions of this paragraph shall not apply to a company which has been registered before the first day of October, 1964.”.

Amendment of section 57 of Act 46 of 1926, as amended by section 26 of Act 23 of 1939 and section 27 of Act 46 of 1952.

5. Section 57 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsections (1) and (2) of the following subsections:

“(1) Every company shall have in the Republic—

- (a) a postal address to which all communications and notices may be addressed; and
- (b) a registered office to which all communications and notices may be addressed and at which all process may be served.

(2) Upon the incorporation of a company, notice of the situation of the registered office and of the postal address shall be given to the Registrar, and notice of any change in the situation of the registered office or the postal address shall be given to the Registrar before such change is made. The Registrar shall record any notice so given.”.

## WYSIGINGSWET OP MAATSKAPPYE, 1969.

Wet No. 90, 1969

op die twintigste Mei 1898, word vanaf sodanige inwerkingtreding geag kragtens die bepalings van hierdie Wet as 'n maatskappy geregistreer te wees: Met dien verstande dat die Registrateur sodanige maatskappy kan versoek om binne die tydperk deur hom bepaal, by hom 'n dokument in Hoofstuk I van hierdie Wet vermeld, in te lewer: Met dien verstande voorts dat geen gelde ten opsigte van sodanige inlewering betaalbaar is nie."

3. Artikel 3 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:
- „(4) Vanaf die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Maatskappye, 1969—
- (a) word alle registers gehou in 'n openbare kantoor kragtens die bepalings van die Maatskappy-Ordonnansie, 1928, ingelyf by, en maak hul 'n deel uit van, die register van maatskappye wat in die kantoor ingestel kragtens subartikel (1) gehou word;
- (b) word alle bevoegdhede en werksaamhede aan 'n beampte in die Staatsdiens verleen of opgedra met betrekking tot die registrasie van maatskappye in die gebied, en alle bevoegdhede en werksaamhede met betrekking tot die administrasie van die Maatskappy-Ordonnansie, 1928, behalwe dié wat aan die Meester van die Hooggeregshof verleen of opgedra is, verleen of opgedra aan die Registrateur van Maatskappye aangestel kragtens subartikel (2)."
- Wysiging van artikel 3 van Wet 46 van 1926, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 46 van 1952 en artikel 1 van Wet 18 van 1965.
4. Artikel 10 van die Hoofwet word hierby gewysig—
- (a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
- „(1) 'n Maatskappy word nie geregistreer nie onder dieselfde naam as dié waaronder 'n maatskappy of 'n buitelandse maatskappy reeds geregistreer is of onder 'n naam wat soveel met so 'n naam ooreenkom dat dit sou kan mislei, tensy die reeds geregistreerde maatskappy ontbind word en sy toestemming tot die registrasie gee op die manier wat die Registrateur vereis.”;
- (b) deur subartikel (3) te skrap; en
- (c) deur paragraaf (a) van subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:
- „(a) Indien 'n maatskappy deur onagsaamheid of andersins geregistreer is in stryd met die bepalings van subartikel (1) of (2), dan moet die Registrateur die maatskappy gelas om sy naam te verander: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie paragraaf nie van toepassing is nie op 'n maatskappy wat voor die eerste dag van Oktober 1964 geregistreer is.”.
- Wysiging van artikel 10 van Wet 46 van 1926, soos gewysig deur artikel 5 van Wet 23 van 1939, artikel 6 van Wet 46 van 1952, artikel 2 van Wet 14 van 1963 en artikel 1 van Wet 7 van 1964.
5. Artikel 57 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikels (1) en (2) deur die volgende subartikels te vervang:
- „(1) Elke maatskappy moet in die Republiek besit—
- (a) 'n posadres waarheen alle mededelings en kennisgewings geadresseer kan word; en
- (b) 'n geregistreerde kantoor waarheen alle mededelings en kennisgewings geadresseer kan word en waar alle geregtelike stukke gedien kan word.
- (2) By die inlywing van 'n maatskappy moet aan die Registrateur kennis gegee word van die plek waar die geregistreerde kantoor geleë is en van die posadres, en kennis van 'n verandering van die plek waar die geregistreerde kantoor geleë is of van die posadres moet voor die verandering aan die Registrateur gegee word. Die Registrateur maak 'n aantekening van so 'n kennisgewing.”.
- Wysiging van artikel 57 van Wet 46 van 1926, soos gewysig by artikel 26 van Wet 23 van 1939 en artikel 27 van Wet 46 van 1952.

Act No. 90, 1969

COMPANIES AMENDMENT ACT, 1969.

Amendment of section 62bis of Act 46 of 1926, as inserted by section 32 of Act 23 of 1939.

6. Section 62bis of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

- “(2) When a meeting has been adjourned as aforesaid the secretary of the company shall, upon a date not later than two days after the adjournment, publish in a newspaper circulating in the province where the registered office of the company is situated, or in the territory, if such office is situated in the territory, a notice stating—
- (a) the time and place to which the meeting was adjourned;
  - (b) the matter before the meeting at the time when it was adjourned; and
  - (c) the ground for the adjournment.”.

Amendment of section 186 of Act 46 of 1926.

7. Section 186 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

- “(1) If it appears in the course of winding-up of a company, that any past or present director, manager, officer or member of the company has been guilty of an offence for which he is criminally responsible under this Act or in relation to the company, or the creditors of the company under the common law, the liquidator shall cause all the facts known to him which appear to constitute the offence to be laid before the Attorney-General in whose area of jurisdiction the offence appears to have been committed and, in the event of such Attorney-General certifying that he declines to prosecute, the liquidator may, subject to the provisions of section 130, institute and conduct a private prosecution for such offence.”.

Amendment of section 203 of Act 46 of 1926, as amended by section 120 of Act 46 of 1952 and section 1 of Act 36 of 1961.

8. The following section is hereby substituted for section 203 of the principal Act:

“Transfer of business, rights, obligations and property of foreign company to new company registered under this Act.

203. (1) Notwithstanding anything to the contrary contained in any law, whenever a foreign company satisfies the Court that—

- (a) it carries on its principal business within the Republic;
- (b) the foreign company—
  - (i) is being or is about to be wound up voluntarily or dissolved for the purpose of transferring the whole of its business and all its rights, obligations and property, wherever situate, to; or
  - (ii) has been, is being or is about to be acquired by,

a company which will be or has been registered under this Act (in this section referred to as the new company) for the purpose of taking over and acquiring such business, rights, obligations and property;

- (c) the sole consideration for such transfer or acquisition is the issue to the members of the foreign company of shares in the new company in proportion to their shareholdings in the foreign company; and
- (d) no shares in the new company will be available for issue to any person other than the members of the foreign company,

the Court may order that, on the certificate of the Registrar that—

- (i) the foreign company is being wound up voluntarily, dissolved or is being, has been or is about to be acquired for the said purpose;

## WYSIGINGSWET OP MAATSKAPPYE, 1969.

## Wet No. 90, 1969

6. Artikel 62*bis* van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:
- „(2) Wanneer 'n vergadering soos voormeld verdaag is, moet die sekretaris van die maatskappy, op 'n datum wat nie later is nie as twee dae na die verdaging, in 'n nuusblad wat in omloop is in die provinsie waarin die geregistreerde kantoor van die maatskappy geleë is, of in die gebied, indien sodanige kantoor in die gebied geleë is, 'n kennisgewing publiseer waarin vermeld word—
- (a) die tyd tot wanneer en die plek waarheen die vergadering verdaag is;
- (b) die aangeleentheid wat voor die vergadering was toe dit verdaag is; en
- (c) die rede vir die verdaging.”.
- Wysiging van artikel 62*bis* van Wet 46 van 1926, soos ingevoeg deur artikel 32 van Wet 23 van 1939.
7. Artikel 186 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:
- „(1) Wanneer in die loop van die likwidasië van 'n maatskappy blyk dat enige gewese of teenswoordige direkteur, bestuurder, beampte of lid van die maatskappy hom skuldig gemaak het aan 'n misdryf waarvoor hy strafregtelik verantwoordelik is ingevolge hierdie Wet, of in verband met die maatskappy of skuldeisers van die maatskappy, ingevolge die gemene reg, dan moet die likwidateur al die feite waarvan hy kennis dra en wat blykbaar die misdryf uitmaak, laat voorlê aan die Prokureur-generaal binne wie se regsgebied die misdryf blykbaar gepleeg is, en ingeval die Prokureur-generaal sertifiseer dat hy weier om te vervolg, mag die likwidateur, met inagneming van die bepalings van artikel 130, 'n private vervolging weens daardie misdryf instel en voer.”.
- Wysiging van artikel 186 van Wet 46 van 1926.
8. Artikel 203 van die Hoofwet word hierby deur die volgende artikel vervang:
- „Oordrag van besigheid, regte, verpligtinge en goed van buitelandse maatskappy aan nuwe maatskappy kragtens hierdie Wet geregistreer.
203. (1) Ondanks andersluidende bepalings van enige wet, wanneer 'n buitelandse maatskappy die Hof oortuig—
- (a) dat hy sy vernaamste besigheid binne die Republiek dryf;
- (b) dat die buitelandse maatskappy—
- (i) op die punt staan om vrywillig gelikwideer of ontbind te word, of vrywillig gelikwideer of ontbind word met die doel om sy hele besigheid en al sy regte, verpligtinge en goed, waar ook al geleë, oor te dra aan; of
- (ii) verkry is, verkry word of op die punt staan om verkry te word deur, 'n maatskappy wat kragtens hierdie Wet geregistreer sal word of geregistreer is (in hierdie artikel die nuwe maatskappy genoem) met die doel om daardie besigheid, regte, verpligtinge en goed oor te neem en te verkry;
- (c) dat die enigste teenprestasië vir sodanige oordrag of verkryging bestaan uit die uitgifte aan lede van die buitelandse maatskappy van aandele in die nuwe maatskappy in verhouding tot hulle aandeelbesit in die buitelandse maatskappy; en
- (d) dat geen aandele in die nuwe maatskappy vir uitgifte aan ander persone as die lede van die buitelandse maatskappy beskikbaar sal wees nie,
- kan die Hof op die sertifikaat van die Registrateur dat—
- (i) die buitelandse maatskappy vrywillig gelikwideer of ontbind word of verkry is, verkry word of op die punt staan om verkry te word vir die genoemde doel;
- Wysiging van artikel 203 van Wet 46 van 1926, soos gewysig deur artikel 120 van Wet 46 van 1952 en artikel 1 van Wet 36 van 1961.

Act No. 90, 1969

COMPANIES AMENDMENT ACT, 1969.

- (ii) a company has been registered under this Act for the said purpose; and
- (iii) the members of the foreign company have had issued to them the shares in the new company to which they are entitled,
  - (aa) as from a date to be specified by the Court the whole of the business and all rights, obligations and property of the foreign company, wherever situate, shall be transferred to, shall vest in and shall be binding upon the new company;
  - (bb) no transfer or stamp duty shall be payable in respect of the transfer of any property from the foreign company to the new company; and
  - (cc) that any licence, exemption, permit, certificate or authority held in terms of any law by the foreign company in respect of its business or property, shall, with effect from the date specified under paragraph (aa), be deemed for the purposes of such law to be held by the new company in respect of the business or property so transferred.

(2) If the new company lodges a copy of the order contemplated in subsection (1) with the Registrar of Deeds or other officer charged with the registration of deeds or mining titles in question, that Registrar or other officer shall make the necessary endorsements in his registers in order to give effect to the order.

(3) In subsection (1) the expression 'the Court' means any provincial or local division of the Supreme Court of South Africa within whose area of jurisdiction any address lodged in terms of section 201 of any person authorized to accept service of process on behalf of the foreign company is situated."

Insertion of section 228A in Act 46 of 1926.

9. The following section is hereby inserted in the principal Act after section 228:

"Applica-  
tion of  
Act to  
South-West  
Africa. **228A.** This Act and any amendment thereof, whether effected before or after the commencement of the Companies Amendment Act, 1969, shall apply also in the territory including the Eastern Caprivi Zipfel."

Amendment of section 229 of Act 46 of 1926, as amended by section 115 of Act 23 of 1939, section 133 of Act 46 of 1952 and section 5 of Act 69 of 1962.

10. Section 229 of the principal Act is hereby amended—

- (a) by the insertion of the following definition after the definition of "prospectus":  
"‘Republic’ includes the territory;"; and
- (b) by the insertion of the following definition after the definition of "special resolution":  
"‘territory’ means the territory of South-West Africa;".

Substitution for "Governor-General" and "Union" of "State President" and "Republic", respectively, in Act 46 of 1926.

11. The principal Act is hereby amended by the substitution for the words "Governor-General" and "Union", wherever they occur, of the words "State President" and "Republic" respectively.

PART II

Savings.

12. Subject to the provisions of the principal Act, anything done under the Companies Ordinance, 1928 (Ordinance No. 19 of 1928), of the territory, shall be deemed to have been done under the corresponding provision of the principal Act.



## WYSIGINGSWET OP MAATSKAPPYE, 1969.

Wet No. 90, 1969

- (ii) 'n maatskappy geregistreer is. ngevolge hierdie Wet vir die genoemde doel; en
- (iii) dat aan die lede van die buitelandse maatskappy die aandele in die nuwe maatskappy waarop hul geregtig is, uitgegee is, beveel dat—
- (aa) met ingang van 'n datum deur die Hof bepaal te word, die hele besigheid en alle regte, verpligtinge en goed van die buitelandse maatskappy, waar ook al geleë, oorgedra word op, sal berus by en bindend sal wees vir die nuwe maatskappy;
- (bb) geen hereregte of seëlregte verskuldig is op die oordrag van enige goed van die buitelandse maatskappy aan die nuwe maatskappy; en
- (cc) dat 'n lisensie, vrystelling, permit, sertifikaat of magtiging wat kragtens 'n wet deur die buitelandse maatskappy ten opsigte van sy besigheid of goed gehou word, met ingang van die kragtens paragraaf (aa) bepaalde datum by die toepassing van daardie wet geag word deur die nuwe maatskappy ten opsigte van die besigheid of goed aldus oorgedra, gehou te wees.

(2) Indien die nuwe maatskappy 'n afskrif van die bevel in subartikel (1) bedoel, by die betrokke Registrateur van Aktes of ander beampte belas met die registrasie van aktes of myntitels inlewer, moet die Registrateur of ander beampte die nodige aantekeninge in sy registers aanbring ten einde aan die bevel gevolg te gee.

(3) In subartikel (1) beteken die uitdrukking 'die Hof' enige provinsiale of plaaslike afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika binne wie se regsgebied 'n ingevolge artikel 201 ingelewerde adres van iemand wat gemagtig is om namens die buitelandse maatskappy die bestelling van geregtelike stukke te aanvaar, geleë is.

9. Die volgende artikel word hierby in die Hoofwet na Invoeging van artikel 228A in artikel 228 ingevoeg: „Toepassing 228A. Hierdie Wet en enige wysiging daarvan, van Wet in hetsy voor of na die inwerkingtreding van die Suidwes-Afrika Wysigingswet op Maatskappye, 1969, aangebring, is ook van toepassing in die gebied met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel.”. Wet 46 van 1926.

10. Artikel 229 van die Hoofwet word hierby gewysig— Wysiging van artikel 229 van (a) deur na die omskrywing van „prospektus” die volgende omskrywing in te voeg: „Republiek’ ook die gebied;”; en Wet 46 van 1926, soos gewysig deur artikel 115 van (b) deur na die omskrywing van „spesiale besluit” die Wet 23 van 1939, volgende omskrywing in te voeg: artikel 133 van „gebied’ die gebied Suidwes-Afrika;”. Wet 46 van 1952 en artikel 5 van Wet 69 van 1962.

11. Die Hoofwet word hierby gewysig deur die woord Vervanging van „Goewerneur-generaal” en die woord „Unie” oral waar hul „Goewerneur-generaal” en voorkom, deur onderskeidelik die woorde „Staatspresident” en „Republiek” te vervang. „Unie” deur onderskeidelik „Staatspresident” en „Republiek” in Wet 46 van 1926.

## DEEL II

12. Enigiets gedoen kragtens die bepalings van die Maatskappy-Ordonnansie, 1928 (Ordonnansie No. 19 van 1928), van die gebied, word, onderworpe aan die bepalings van die Hoofwet, geag kragtens die ooreenstemmende bepaling van die Hoofwet gedoen te wees. Voorbehoude.

## Act No. 90, 1969

## COMPANIES AMENDMENT ACT, 1969.

## Repeal of laws.

13. (1) Subject to the provisions of subsection (2), the laws of the territory specified in the Schedule are hereby repealed to the extent set out in the third column of the Schedule.

(2) If the regulations contained in Table A of the First Schedule to the Companies Ordinance, 1928 (Ordinance No. 19 of 1928), of the territory, applied immediately prior to the commencement of this section to a company, such regulations shall continue to apply in respect of such company notwithstanding the repeal of that Ordinance by subsection (1).

## Application of this Act in South-West Africa.

14. This Act shall apply also in the territory of South-West Africa including the Eastern Caprivi Zipfel.

## Short title and commencement.

15. (1) This Act shall be called the Companies Amendment Act, 1969, and shall come into operation on a date to be fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

(2) A different date may be so fixed in respect of section 8 of this Act.

## Schedule.

## LAWS REPEALED.

No. and year of law.	Short title.	Extent of repeal.
Ordinance No. 19 of 1928	Companies Ordinance, 1928	The whole.
Ordinance No. 11 of 1939	Companies Amendment Ordinance, 1939.	The whole.
Ordinance No. 6 of 1943	Companies Amendment Ordinance, 1943.	The whole.
Proclamation No. 38 of 1943.	Companies Ordinance Amendment Proclamation, 1943.	The whole.
Ordinance No. 15 of 1946	Co-operative Societies Ordinance, 1946.	Section 118.
Ordinance No. 23 of 1952	Companies Amendment Ordinance, 1952.	The whole.
Ordinance No. 27 of 1954	Companies Amendment Ordinance, 1954.	The whole.
Ordinance No. 7 of 1964	Companies Amendment Ordinance, 1964.	The whole.

## WYSIGINGSWET OP MAATSKAPPYE, 1969.

Wet No. 90, 1969

13. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), word die wette in die Bylae vermeld hierby herroep in die mate in die derde kolom van die Bylae uiteengesit. Herroeping van wette.

(2) Indien die reglement vervat in Tabel A van die Eerste Bylae van die Maatskappy-Ordonnansie, 1928 (Ordonnansie No. 19 van 1928) van die gebied, onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie artikel ten opsigte van 'n maatskappy van toepassing was, bly sodanige reglement op sodanige maatskappy van toepassing ondanks die herroeping van daardie Ordonnansie deur subartikel (1).

14. Hierdie wet is ook van toepassing in die gebied Suidwes-Afrika met inbegrip van die Oostelike Caprivi Zipfel. Toepassing van hierdie Wet in Suidwes-Afrika.

15. (1) Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Maatskappye, 1969, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal. Kort titel en inwerkingtreding.

(2) 'n Verskillende datum kan kragtens subartikel (1) ten opsigte van artikel 8 van hierdie Wet aldus bepaal word.

## Bylae.

## WETTE HERROEP.

No. en jaar van wet.	Kort titel.	In hoeverre herroep.
Ordonnansie No. 19 van 1928.	Maatskappy-Ordonnansie, 1928.	Die geheel.
Ordonnansie No. 11 van 1939.	Maatskappye Wysigings-ordonnansie, 1939.	Die geheel.
Ordonnansie No. 6 van 1943.	Maatskappye Wysigings-ordonnansie, 1943.	Die geheel.
Proklamasie No. 38 van 1943.	Maatskappy-Ordonnansie Wysigingsproklamasie, 1943.	Die geheel.
Ordonnansie No. 15 van 1946.	Ordonnansie op Koöperatiewe Verenigings, 1946.	Artikel 118.
Ordonnansie No. 23 van 1952.	Maatskappye Wysigings-ordonnansie, 1952.	Die geheel.
Ordonnansie No. 27 van 1954.	Wysigingsordonnansie op Maatskappye, 1954.	Die geheel.
Ordonnansie No. 7 van 1964.	Wysigingsordonnansie op Maatskappye, 1964.	Die geheel.